basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die praktyk om goedere in 'n ander land teen laer pryse as in die land van oorsprong te verkoop, staan as … bekend.

A uitvoere
B storting
C invoere
D invoervervanging

1.1.2 Besparings vloei as … terug in die ekonomiese kringloop in.

A investering
B staatsbesteding
C uitvoere
D invoere

1.1.3 Die nuwe ekonomiese paradigma wat verband hou met die gladstryking van sakesiklusse, is in … beleide gesetel.

A openbarebetrekkinge-
B handels-
C internasionale
D vraag-en-aanbodkant-

1.1.4 Wanneer invoerregte as 'n persentasie van die waarde van die ingevoerde goedere gehef word, staan dit as … regte bekend.

A saamgestelde
B spesifieke
C ad valorem-
D gemiddelde

1.1.5 'n Styging in die produktiewe kapasiteit van die ekonomie oor 'n spesifieke tydperk word … genoem.

A ekonomiese ontwikkeling
B ruimtelike ontwikkeling
C ekonomiese groei
D ontwikkelingsekonomie

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 Die interaksie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element staan as … bekend.

A privatisering
B globalisering
C entrepreneurskap
D uitvoerbevordering

1.1.7 Die aantal persone wat werk as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe bevolking (EAB) word die … genoem.

A indiensnemingskoers/werkverskaffingskoers
B ekonomiese groei
C produktiwiteitskoers
D arbeidsproduktiwiteit

1.1.8 Ekonomiese aktiwiteite wat produkte met toegevoegde waarde in alle sektore te skep, staan as … ontwikkeling bekend.

A sosiale
B indiensnemings-/werkverskaffings-
C mynbou-
D nywerheids- (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Monetêre beleid | A | vergelyk uitvoerpryse met invoerpryse deur middel van indekse |
| 1.2.2 | Marginale verbruiks-geneigdheid | B | verwys na persoonlike inkomste na belastingaftrekkings |
| 1.2.3 | Ruilvoet | C | verwydering van handelsbeperkings |
| 1.2.4 | Uitvoerbevordering | D | koop en verkoop van owerheidsekuri-teite om die geldvoorraad te beïnvloed |
| 1.2.5 | Opemarktransaksies | E | benadering van 'n land se sentrale bank om besteding in die ekonomie te beïnvloed |
| 1.2.6 | Aansporings | F | meet hooflyninflasie |
| 1.2.7 | Handelsliberalisering | G | strategieë gebruik om produksie aan te moedig |
| 1.2.8 | Verbruikersprysindeks (VPI) | H | handelsbeleid om die vervaardiging van plaaslike produkte vir die uitvoermark te bevorder |
| | | I | gedeelte van hulle verbruikbare inkomste wat huishoudings spandeer |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Mark vir korttermynbesparings en -lenings

1.3.2 'n Negatiewe ekonomiese groeikoers vir ten minste twee opeenvolgende kwartale

1.3.3 'n Handelsbeleid wat invoere ontmoedig om binnelandse nywerhede teen skadelike buitelandse mededinging te beveilig

1.3.4 Die Wet wat herstel en transformasie in die werksplek ten opsigte van ras, geslag en gestremdhede bevorder

1.3.5 'n Beleid wat belasting en owerheidsbesteding teiken om ekonomiese aktiwiteit te beïnvloed

1.3.6 Die migrasie van mense uit landelike gebiede na stede en dorpe

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE lidlande van die BRICS-handelsprotokol. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan indirekte subsidies die uitvoerprodusent bevoordeel? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die tendenslyn in die sakesiklus hierbo. (1)

2.2.2 Watter letter stel 'n trog in die diagram hierbo voor? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus*. (2)

2.2.4 Verduidelik ekonomiese aktiwiteit gedurende fase EF in die sakesiklus. (2)

2.2.5 Hoe kan die lengte (BF) in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NASIONALE INKOMSTE- EN PRODUKSIEREKENINGE VAN SUID-AFRIKA (BWT teen konstante 2010-pryse)** | |
|---|---|
| **BRUTO WAARDE TOEGEVOEG VOLGENS TIPE EKONOMIESE AKTIWITEIT** | **2016 (Rm)** |
| Primêre Sektor | 298 849 |
| Sekondêre Sektor | 550 195 |
| Tersiêre Sektor | 1 945 557 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | **2 794 601** |
| Belasting op produkte | 30 600 |
| Subsidies op produkte | 5 900 |
| **Bruto Binnelandse Produk teen markpryse** | **A** |

[Aangepas uit *SARB Kwartaalblad*, Maart 2017]

2.3.1 Identifiseer die basisjaar wat deur die SARB hierbo gebruik word. (1)

2.3.2 Watter sektor hierbo dra die meeste tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika by? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *bruto waarde toegevoeg (BWT) teen konstante pryse.* (2)

2.3.4 Hoe word die BBP teen markpryse na BNP teen markpryse omgeskakel? (2)

2.3.5 Bereken die bruto binnelandse produk teen markpryse (A). (Toon ALLE berekeninge.) (4)

2.4 Verduidelik kortliks die maatreëls om 'n tekort op die betalingsbalans te verminder. (4 x 2) (8)

2.5 Waarom behoort Suid-Afrika 'n beleid van vryhandel te volg? (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE sosiale aanwysers. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat kan die owerheid gedurende 'n tydperk van resessie doen om die ekonomie te stimuleer? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERVAARDIGING IN SUID-AFRIKA**

Suid-Afrika het ontwikkel tot 'n gevestigde, gediversifiseerde vervaardigingsbasis met potensiaal om in die wêreldekonomie mee te ding. Hierdie vervaardigingsplatform bied 'n geleentheid om die land se groei en ontwikkeling aansienlik te versnel.

Die Suid-Afrikaanse motorbedryf groei vinnig en is volmaak geplaas vir beleggingsgeleenthede. Voertuigvervaardigers, soos BMW, Ford en Volkswagen, het produksie-aanlegte in Suid-Afrika en geniet verskeie produksievoordele. Dit kan lei tot handelsooreenkomste met die Europese Unie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap-vryhandelgebied.

[Bron: Brand South Africa, Junie 2017]

3.2.1 Noem EEN voertuigvervaardiger hierbo wat produksie-aanlegte in Suid-Afrika het. (1)

3.2.2 Identifiseer EEN voordeel van voertuigproduksie-aanlegte wat in Suid-Afrika geleë is in die uittreksel hierbo. (2)


3.2.3 Beskryf kortliks die term *vryhandelgebied.* (2)

3.2.4 Wat is die doelwit van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap? (2)

3.2.5 Hoe kan die owerheid armoede in Suid-Afrika deur middel van die vervaardigingsektor aanpak? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOMMERWEKKENDE WERKLOOSHEIDSTATISTIEK**




Dit is duidelik dat werkloosheidsyfers oor die afgelope aantal jare voortdurend gestyg het. Werkloosheid onder die jeug styg, maar kan effektief bekamp word deur die bevordering van entrepreneurskap deur die owerheid.

[Bron: *StatsSA Kwartaallikse Arbeidsverslag*, Julie 2017]

3.3.1 Volgens die grafiek hierbo, wanneer was werkloosheid op sy hoogste vlak? (1)

3.3.2 Watter instelling het die werkloosheidsyfers hierbo saamgestel? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *werkloosheid*. (2)

3.3.4 Wat is die negatiewe impak van hoë werkloosheid op die jeug? (2)

3.3.5 Hoe kan die owerheid werkloosheid in die ekonomie verminder? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks *demografie* as sosiale aanwyser. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe kan die monetêre beleid gebruik word om die ekonomie van Suid-Afrika te stimuleer? (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter belangrike rol speel klein, mikro- en medium-ondernemings (KMMO's) in die ekonomie? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BETALINGSBALANS: LOPENDE REKENING VERBETER**

Suid-Afrika se tekort op die lopende rekening het in die vierde kwartaal verlede jaar verklein. Dit is die eerste keer in byna ses jaar wat dit die vlak van 1,7% van die BBP bereik het.

Die verbetering in die handelsbalans in 2016 het 'n positiewe impak op die lopende rekening gehad. Die handelsbalans het van 'n tekort van R38 miljard in 2015 tot 'n oorskot van R15 miljard in 2016 verbeter. Dit het daartoe gelei dat die betalingsbalanstekort van R166 miljard tot R76 miljard in 2016 verminder het.

[Aangepas uit *News24*, Augustus 2017]

4.2.1 Volgens die uittreksel hierbo, wat was die tekort in die betalingsbalans in 2016? (1)

4.2.2 In die uittreksel hierbo, identifiseer die term wat die verskil tussen goedere-invoere en goedere-uitvoere bereken. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *betalingsbalans.* (2)

4.2.4 Wat is die belangrikheid van die saldo op die lopende rekening? (2)

4.2.5 Hoe kan 'n oorskot op die betalingsbalans die Suid-Afrikaanse ekonomie positief beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE NOORD-SUID-VERDELING**




Buitelandse direkte investering (BDI) is krities belangrik om vooruitgang in ontwikkelende lande te versnel. Die meeste van hierdie BDI's word vir nywerheidsontwikkeling gebruik.

[Bron: www.wikipedia, 2017]

4.3.1 Watter deel van die Noord-Suid-verdeling word deur die klein vissies in die spotprent hierbo verteenwoordig? (1)

4.3.2 Volgens die inligting hierbo, hoekom is buitelandse direkte investering (BDI) so belangrik vir ontwikkeling in lande? (1)

4.3.3 Wat is die boodskap in die spotprent? (2)

4.3.4 Hoe beïnvloed massaproduksie deur ontwikkelde lande die omgewing negatief? (2)

4.3.5 Hoe word ontwikkelende lande deur 'n tekort aan buitelandse direkte investering benadeel? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *endogene en eksogene* benaderings tot sakesiklusse. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe effektief is produktiwiteit as 'n ekonomiese aanwyser? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die makro-ekonomiese doelwitte van die staat. (26 punte)
- Hoe suksesvol was die Suid-Afrikaanse owerheid tot dusver in die bereiking van sy makro-ekonomiese doelwitte? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die volgende as Suid-Afrika se inisiatiewe in streeksontwikkeling:
  - Spesiale Ekonomiese Sones (8 punte)
  - Korridors (8 punte)
  - Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (10 punte)
- Hoe effektief is Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide ten opsigte van internasionale normstelling? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou